

# Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 22136
Extonweg
9313

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

## Brief aan die Geloftevolk van Suid-Afrika

**Insake:** **Psalm 17:11** Nou het hulle ons in ons gang omsingel; hulle rig hul oë daarop om ons op die grond uit te strek.

Geagte volksgenoot.

Die Eerste Vryheidsoorlog teen Brittanje het merkwaardig op Geloftedag - die 16de Desember 1880 begin toe 'n Britse garnisoen op die magte van die ZAR op Potchefstroom geskiet het. Op dieselfde dag is die vierkleur by Paardekraal asook Heidelberg gehys en is dié dorp as hoofkwartier van die herstelde ZAR regering ingerig. Die 1838 Gelofte is ook op dieselfde dag plegtig deur burgers van die ZAR herdenk[1]. Hierdie herdenking was maar die 2de daarvan binne volksgeledere sedert 16 Desember 1838.

Op 27 Februarie 1881 verslaan die magte van die ZAR onder aanvoering van generaal Piet Joubert die Britse mag onder aanvoering van generaal, sir George P Colley. Die slag van Majuba, was militêr gesproke 'n WONDERWERK, en die laaste van 'n reeks veldslae in die guns van die ZAR. Vir die handjie vol boere was dit die antwoord op hul gebede, asook die bekragtiging van die voorafgaande gelofte wat hul tydens die Volksvergadering van 8 tot 15 Desember 1880 te Paardekraal afgelê het.

In sy boek: Brit en Boer, teken JA Smith die Gelofte as volg aan:
*Indien die Here God hulle sal help en seën in die strijd vir onafhanklikheid, die volk elke jaar daar bijmekaar sou kom om Hom te dank en die gelofte te betaal.*

Getrou aan hul gelofte aan hul Skepper, trek die burgers van die ZAR onder leiding van die regering saam om die Gelofte op die 16de Desember 1881 te Paardekraal aan Hom te betaal. Die volgende jaar word die herdenking afgestel weens 'n pokke-epidemie, en tydens die 1883 fees verbreek die Regering die jaarlikse herdenking van die Gelofte deur dit weens ekonomiese redes elke 5 jaar te herdenk.

Dit was 'n groot fout. Mens mag onder GÉÉN omstandighede 'n gelofte aan die Almagtige verbreek of wysig nie. Indien wel sal die werke van jou hande verwoes word, soos wat die uitslag van die Drie jarige oorlog met Brittanje tot ons spreek. Die vereiste is dat jy moet betaal wat jy beloof het. Dit is a.g.v. die ooreenkomste met die Almagtige God van hemel en aarde dat die oorwinnings behaal is. Daar moet by daardie ooreenkomste gehou word, selfs in vandag se tyd:

**Deut.23:21-23** [Die Bybel 1933/53]
21 As jy aan die HERE jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.
22 Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
23 Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou God vrywillig beloof het—wat jy met jou mond gespreek het.

---

[1] Alana Bailey. DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838; DIE HERDENKING EN BETEKENIS DAARVAN. p.48.

**Pred.5:3-5**
3 As jy ‘n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.
4 Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.
5 Laat jou mond nie toe om op jou liggaam ‘n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was ‘n vergissing nie. Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?

Die verandering aan die gelofte het gemaak dat dit sonde in hulle geword het en dat die werke van hul hande verwoes is. Hulle het hul Republieke verloor weens versuim om te hou by dit wat hul beloof het. Ons as volk betaal nie die Gelofte van Paardekraal nie.

Ons as Geloftevolk staan vandag met ons rug teen die muur weens onder andere hierdie versuim. Ons vyande offer bloedoffers aan hul voorvadergeeste in ons stede. Ons bevind ons op die drumpel van uitwissing. Meer as 40000 blankes is al sedert 1994 op gruwelike wyse vermoor. Miljoene blankes het die land sedert 1994 verlaat. Polities is daar absoluut niks wat ons kan doen om ons voortbestaan te verseker nie. Ons enigste heil lê daarin dat ons as Geloftevolk ons sal wend tot die HERE [JaHWeH][2].

Ons versuim om ons geloftes te betaal het ons ingehaal !!!

Sommige van ons het die afgelope Geloftedag ons gelofte aan ons Skepper betaal. Meeste van ons dink dat die betaal van ons geloftes daarmee afgehandel is.

Op 31 Mei 1882 het die regering van die ZAR die volgende proklamasie uitgereik:
*“Volksraadbesluit art. 248, d.d. 31 Mei 1882. Den 27sten Februarij van elk jaar, de Gedenkdag van den Slag bij Amajuba, zal in ’t vervolg een publieke feestdag en een dag van verootmoediging voor den Heer zijn, voor de groote dingen op dien dag aan het volk gedaan.”* [Volledige dokument aangeheg.]

Hierdie onderneming hou direk verband met die Paardekraal gelofte. Elkeen van ons is onder verpligting om nie net die Paardekraal gelofte te herdenk nie, maar ook die herdenking van die Slag van Amajuba.

In die lig hiervan doen ons as Geloftevolk Koördineringskomitee ‘n ernstige beroep op u om u toekoms in u eie hande te neem daarin dat u in geloof gehoorsaam sal wees aan die onderhouding van u Volksgeloftes en die gepaardgaande Volksraadbesluit.

U as volksgenoot kan daardie dag, of die aangewese naweek-kamp by die berg Amajuba deurbring in ootmoed en dankbaarheid. U kan u huidige omstandighede opnuut onder die aandag van ons hemelse Vader bring en Sy Aangesig soek ter verlossing uit die huidige strafgerig waaronder ons as Sy volk verkeer. Andersins kan u en u gesin daardie dag tuis bly in erkentlikheid aan ons hemelse Vader vir die wonderwerke gedaan tydens die Eerste Vryheidsoorlog met Brittanje.

Verder word elk van ons geloftefeeskomitees en gemeentes landswyd hiermee ernstig versoek om hierdie dag op soortgelyke wyse te organiseer as wat die geval is met die Slag van Bloedrivier. U as volksgenoot is medeverantwoordelik om u geloftefeeskomitee en/of gemeente hieraan te herinner en by te staan in hierdie saak ter oorlewing van die Geloftevolk.

**Psalm 50:14-15** “Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.”

Vrede
Flip Swanepoel [nms. Geloftevolk Koördineringskomitee]

---

[2] Die Naam waardeur *die HERE* Hom aan Moses bekend gemaak het – Sien verklaring van: Ex.3:15, 6:1-2 en Hosea 2:15-16 in Die Bybel in Praktyk. Die vertalers van die Bybels het *JHWH* met *die HERE* vervang. Sien ook: Jer.23:26-27; Eseg.36:16-23, 39:7 en Jes.52:5.6. Sy Naam is werklikheid nie vreemd nie en is deel van die begrip *halleluja,* wat elkeen van u al gesing het.